16.4 RAPPORT 3: DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (Art 29)

A. Dr H Goede lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Suid-Afrikaanse Raad van Kerke

1.1 *Opdrag (Acta 2012:194, 1.7.3)*

1.1.1 Die te benoeme Deputate moet aan die werksaamhede van die SARK deelneem via relevante insette en getuienis.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Vir kennisname*

1.2.1 Die uitvoering van die opdrag is bemoeilik deur die feit dat die GKSA geen vorm van lidmaatskap van die SARK beklee nie (kyk Acta 2012:194, 1.7.1 en 1.7.2).

1.2.2 Die Deputate was afhanklik van die SARK se eie mediaverklarings en algemene beriggewing in die media om die opdrag uit te voer.

1.2.3 ‘n Deputaat het in 2014 die driejaarlikse konferensie van die SARK sonder enige amptelike lidmaatskapstatus bygewoon.

1.2.4 Die aktiwiteite van die SARK is oor die afgelope drie jaar deur interne probleme en finansiële nood gekenmerk.

1.2.5 Die leierskap van die SARK het gepoog om ‘n openbare getuienis teenoor owerheid en samelewing te lewer (bv in die nadraai van die Marikana-slagting, oor korrupsie en wanadministrasie in die staatsdiens en oor die 2014 algemene verkiesing). Of hierdie getuienis ‘n wesenlike impak het, is te bevraagteken.

Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.5 kennis geneem.

1.3 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

1.3.1 Die te benoeme Deputate moet aan die werksaamhede van die SARK deelneem via relevante insette en getuienis.

1.3.2 Die te benoeme Deputate moet Sinode 2018 adviseer oor die wenslikheid om die opdrag na Sinode 2018 voort te sit.

Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.